

Lewende annuïteit bied buitelandse blootstelling

Magnus Heystek

Teen hierdie tyd weet lesers al dat die afgelope tien jaar nie 'n goeie tyd vir beleggers op die JSE en sy verwante produkte soos effektetrusts en aftreefondse was nie.

Oor 'n tydperk van een tot sewe jaar het beleggers geen reële opbrengs getoon nie en slegs oor tien jaar was daar 'n klein wins as inflasie in aanmerking geneem word. Daarenteen het buitelandse beleggings met tussen 15% en 25% per jaar gegroei, veral in sektore soos tegnologie en biotegnologie.

Hierdie groei was die gevolg van 'n stelselmatige verswakking in die rand - meer as 9% per jaar gemiddeld tenoor die dollar - en werklike groei in veral die Amerikaanse markte en fondse.

Lede van plaaslike aftreefondse word gekniehalter deur die beperking ingevolge regulasie 28 van die Pensioenwet wat bepaal dat slegs 30% van die aftreegeld in die buiteland belê mag word. Dit geld aftreefondse, uittreeannuïteite (UA'e) en voorsorgfondse.

Beleggers wat buite aftreefondse in effektetrusts welvaart probeer bou, is soms uitgelewer aan dieselfde beperking. Die gewildste fondstipe onder effektetrustbeleggers is die gebalanseerde fondse, wat ook net 30% blootstelling aan die buiteland mag kry.

Die een struktuur wat nie daaraan onderhewig is nie, is lewende annuïteite. Later meer daaroor.

Buitelandse beleggings

Die een manier om groter blootstelling aan die buiteland te kry, is bloot om daar te belê. Daar is twee opsies.

Die eerste is die R1 miljoen-diskresionêre toelae deur middel waarvan enige belegger oor die ouderdom van 18

tot R1 miljoen jaarliks buiteland toe kan neem. By Brenthurst is dit 'n baie gewilde manier vir middelklas-beleggers om oor tyd 'n buitelandse neseier op te bou. Tussen Ma en Pa kan R2 miljoen per jaar uitgeneem word. Dit kan ook in kleiner bedrae uitgeneem word. Dis baie eenvoudig en geld word uitgestuur via jou welvaartbestuurder. Maar ont hou, dis jou totale jaarlikse toelae en dit sluit enige reistoelae en uitgawes in soos onderhoud.

Vir welvarender beleggers en gesinne kan aansoek gedoen word om R10 miljoen per jaar uit te neem. Daar word eers behoorlik rondgesnuffel in jou geldsake voordat toestemming verleen word. Jou belasting sake moet ook op datum wees. 'n Mens kan dan altesame R11 miljoen per jaar per persoon uitneem. Dis 'n stewige klomp geld en vele ryk gesinne en sakemanne gebruik hierdie manier om welvaart in die buiteland op te bou.

Hierdie groep mense het die afgelope tien jaar of wat daarin geslaag om wesenlike rykdom op te bou, veral in randwaarde.

Sekere buitelandse beleggings het byvoorbeeld 1 000% oor 10 jaar verdien. R10 miljoen in een van daardie bateklasse is nou R100 miljoen werd.

Nou, as jy nie R10 miljoen of selfs R1 miljoen per jaar het nie, hoe dan gemaak?

Daar is baie bateruifondse in Suid-Afrika wat klein bedrae, van so min as R1 000 per maand, hanteer. Wat dit betref, het plaaslike batebestuurders hierdie fondse gestig wat van hul balansstaat gebruik maak om blootstelling

van 30% van totale fondse beskikbaar te stel. Hierdie maatskappye “ruil” dan plaaslike bates vir buitelandse bates en dis waarin plaaslike beleggers kan belê.

Een so 'n fonds is die Brenthurst IP Opportunity Fund, wat oor vyf jaar 'n opbrengs van 15% per jaar gelever het. Dit gee beleggers toegang tot maatskappye soos Google, Microsoft, Alphabet en Netflix. Hierdie fonds is aangewys as die topfonds in Suid-Afrika die afgelope vyf jaar.

Uittree-annuïteite, bewaringsfondse

Daar is derduisende mense in Suid-Afrika wat ouer is as 55 jaar met honderdmiljarde rande in hierdie soort fondse en wat nie veel geld op hul beleggings verdien nie.

Een tegniek (waaroor die bedryf maar baie stil is) is om hierdie geld óf geheel te onttrek óf oor te skakel na 'n lewende annuïteit.

Die eerste opsie het wel 'n swaar belastinglas, maar baie mense is bereid om dit te betaal ten einde hul geld in die buiteland te kry.

Die tweede opsie is om die UA en/of bewaringsfonds oor te swaai na 'n lewende annuïteit en dan een derde te onttrek, belastingvry tot R500 000 per persoon. Dis een van die goue geldreëls dat belastingvrye geld so vinnig moontlik onttrek word ten einde 'n beter opbrengs (ook belastingvry) te verdien.

Hierdie reël geld in hierdie geval, maar moenie te veel publisiteit daaroor van die groot batebestuurders verwag nie. Hulle sal nooit voorstelle maak wat tot 'n verlies van geld onder hul bestuur sal lei nie. Verwag dit eerder van 'n kritiese welvaartbestuurder wat die maksimum opbrengste wil behaal.



Magnus Heystek

Die twee derdes word dan in 'n lewende annuïteit belê wat tot 100% blootstelling kan verkry. Dié strategie het die afgelope sewe tot tien jaar baie goed gewerk en was ook die plaaslike beleggingsprodukt wat die beste opbrengs gelever het. Dit kom weliswaar met groter skommeling en ook die feit dat 'n klein inkomste verdien moet word. Hierdie inkomste is 2,5%, maar is onlangs verlaag tot 0,5% van die kapitaalwaarde.

Dis seker die maklikste en beste manier om meer buitelandse blootstelling in 'n portefeulje te verkry. Dit slaan my soms dronk dat baie adviseurs nie hierdie roete aanbeveel nie.

Niemand weet wat die toekoms inhou nie, maar 'n deeglike ontleding van die faktore wat tot die afgelope dekade se swak prestasie aanleiding gegee het, wys dat die tendens hom kan herhaal. Vir beleggers is dit gebiedend noodsaaklik om meer buitelandse blootstelling in hul portefeuljes te kry.

■ Hierdie is die derde in 'n reeks van vier artikels geborg deur Brenthurst Wealth, een van SA se grootste onafhanklike welvaart-en-batebestuurders.

Brenthurst Wealth het ses kantore in Suid-Afrika, asook 'n kantoor in Mauritius, om internasionale kliënte te bedien.

Gaan na die webblad www.bwm.co.za of skryf direk aan magnus@heystek.co.za. Volg hom ook op Twitter by [@magnusheystek](https://twitter.com/magnusheystek).

**Geborg
deur
Brenthurst
Wealth.**



**'n Mens kan
R11 miljoen
per jaar per
persoon
uitneem.**